



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

FEBRUARIE/MAART 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 26 bladsye.

INSTUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig voordat nagesien word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Leerders moet enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.
2. Dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle:
 - Leerders moet krediet ontvang vir die gee van hul eie menings en idees in antwoorde.
 - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
 - Dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer moet word deur verwysings na spesifieke faktore.
3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
4. Inligting en kunswerke bespreek in een vraag, mag nie weer krediet kry as dit herhaal word in 'n ander vraag nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
5. Leerder moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.
6. Leerder mag beide twee- en drie-dimensionele kunswerke in enige vraag bespreek, waar van toepassing.
7. ***Onthou dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom die feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kuns.***

ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie nasienmemorandum moet dien as beide 'n riglyn vir nasieners en 'n onderrigmiddel. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as 'n onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum is slegs 'n voorgestelde gids.
- Nasieners word aangemoedig om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.
- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet leerders in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.
- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWAWE beantwoord, volgens die vereistes van die vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.
- Nasieners moet verwys na die Visuele Kunste VAG-dokumentmatriks vir 'n gids om die vlakke van prestasie te bepaal.

Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

PRESTASIE-KODE	LEERUITKOMS 4: VISUELE KULTUURSTUDIES	✓
7 Uitstekend 80 – 100%	Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.	
6 Verdienstelik 70 – 79%	Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon uitstekende insig en begrip.	
5 Substansieel 60 – 69%	Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.	
4 Gemiddeld 50 – 59%	Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.	
3 Bevredigend 40 – 49%	Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.	
2 Elementêr 30 – 39%	Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon min vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.	
1 Nie behaal nie 0 – 29%	Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon min of geen begrip of insig nie.	

VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS IN DIE 1950's EN 1960's

- 1.1 Die leerders moet FIGUUR 1a, 1b en 1c bespreek in terme van hoe die kunstenaars vroue op verskillende maniere uitbeeld (ongeveer EEN bladsy).

FIGUUR 1a: Gerard Sekoto, *Die kunstenaars en moeder en stiefvader*, 1946 beeld sy ouers met 'n gevoel van eerlikheid uit. Hulle word in 'n binneshuise spasie geplaas, waar hulle op 'n houtbankie sit en is geskilder in 'n redelik eenvoudige styl. Sterk kontraste van blou/pers in die klere kontrasteer sterk met die kragtige oranje mure. Die uitbeelding van die moeder wat vooroor leun met arms op haar bene, is suggestief van 'n ouer en miskien moeë vrou. Haar aandag is deur 'n aktiwiteit buite vasgevang, buite die kyker se verwysingsraamwerk.

FIGUUR 1b: Georde Pemba, *Portret van die kunstenaar se moeder*, toon 'n meer realisties geskilderde weergawe van 'n bejaarde vrou wat meer formeel geklee is. Sy het 'n redelik intense, en ietwat ongeduldige kyk uitdrukking op haar gesig soos sy aandagtig en direk na die kyk staar. Sy word ook uitgebeeld in wat soos die binnekant van haar huis lyk. Sy is geskilder in lokale kleure.

FIGUUR 1c: Willem de Koning, *Vrou 1*, is 'n volledige kontras met FIGUUR 1a en 1b, beide in skilderstyl en in die uitbeelding van die vroulike vorm. De Koning se skerp, bewegende skilderstyl beklemtoon die semi-abstrakte aard van die kaalvrou wat vir die kyker glimlag of slegs grynslag. Haar groot, starende oë en beklemtoonde mond konfronteer die kyker op 'n dreigende manier. Sterk arbitrêre kleur is gebruik in beide die figuur en die agtergrond.

(8)

- 1.2 Leerders moet 'n opstel van ongeveer 1½ bladsy skryf waarin hulle enige TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het, bespreek en wie se werk invloede van internasionale/oorsese kuns en/of Afrika-kuns toon.

Die volgende inligting moet ingesluit word:

- Naam van kunstenaar(s) en titel van werk(e)
- Onderwerp
- Kunsstyl
- Konteks van werk – in terme van plaaslike en internasionale invloede.

(12)
[20]

VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS

2.1 Leerders moet na beide FIGUUR 2a en 2b verwys en die volgende in hulle paragraaf (ongeveer EEN bladsy) bespreek:

- Ooreenkomste en verskille
- Gebruik van beelde
- Gebruik van medium en tegniek
- Formele elemente van kuns
- Stilering
- Enige ander inligting wat jy met hierdie beelde in verband kan bring.

Die volgende inligting kan oorweeg word wanneer nagesien word:

FIGUUR 2a: Simbole van lewe

Walter Battiss gebruik abstrakte, eenvoudige en naïewe San-beelde van mense en diere. Daar is n definitiewe invloed van primitiewe kuns. Hy toon spontane lyngebruik en oordrewe tekening. Die figure/beelde is gestileerd en eenvoudig. Perspektief bestaan nie. Arbitrêre, dekoratiewe en naas mekaar geplaaste kleure (suiwer primêre kleur) word willekeurig op die doek geplaas. Hierdie gekleurde vorms lyk asof hulle geskeur is. Die agtergrond is saamgestel of gestileer uit swart beelde van San-figure. Die kunstenaar gebruik olieverf in 'n plat tegniek, geen kwashale kan gesien word nie. Twee figure omring met rooi is meer gemodeleerd/dekoratief as die plat San-agtige figure.

FIGUUR 2a het 'n minder formele komposisie as FIGUUR 2b. FIGUUR 2b toon nie soveel beweging as FIGUUR 2a nie.

FIGUUR 2b: San-rotskuns

Die Sanhet kunswerke as 'n rekord van gebeure geskep, moontlik om aan toekomstige generasies oor te dra. Hier word San-figure [wat almal in dieselfde rigting stap] geïllustreer asof hulle gaan jag of gaan veg. Die kunstenaar(s) het natuurlike pigment met lym, bloed en houtskool of eiergeel gemeng en dan die beelde op die kilpoppervlak geskilder. Die tegniek is nie permanent nie, en dit sal oor die jare verdof. Geen helder kleure is soos in FIGUUR 2a teenwoordig nie. Die kunstenaar gebruik neutrale kleure soos sepia, oker, bruin en swart.

Vereenvoudigde vorm word in al die kunswerke uitgebeeld en is gestroop van hul perseptuele sinspelings.

Gestileerde vorm van mense. Nie-denkebeeldige ruimte.

Stilering: Vermindering van aspekte van 'n visuele beeld na 'n stel basiese ontwerpstrategieë wat deur die beeld herhaal word, bv. verlenging, vierkantige vorms, silhoeëtwerk, kurwes of donker-getekende rand.

Hierdie skilderye versterk die studie van die mens in sy omgewing, in die konteks van Afrika en rotskuns.

(8)

2.2 Leerders moet 'n opstel van ongeveer 1½ bladsy skryf waarin hulle die werk van enige TWEE kunstenaars bespreek wie se werk 'n soeke na hule kulturele wortels uitbeeld. Hulle moet die voglende in ag neem:

- Gebruik van medium en tegniek
- Invloede
- Stilistiese kernmerke
- Bevestig 'n ware Afrika-identiteit in hul kunswerke

Leerders mag die volgende bespreek: Irma Stern, Walter Battiss, Cecil Skotnes, Sydney Kumalo, Alexis Preller, Helen Sebidi, Mary Stainbank ens.

Hul invloede kan wees: San-rotskuns, Afrika-stamkuns, Ndebele-argitektuur en muurversierings, Duitse ekspressionisme, Kubisme en Henry Moore.

(12)
(20)

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS ('RESISTANCE ART')

3.1 Die leerders moet na enige TWEE visuele bronne in FIGUUR 3a – 3d verwys en noem om hulle saamstem/nie saamstem nie met die stelling

'n Soeke na ware identiteit is gewoonlik een waar 'n persoon of kunstenaar na sy/haar 'wortels' soek.

Hulle moet die volgende as 'n riglyn gebruik:

- Gebruik van formele kunselemente
- Komposisie
- Tema/moontlike boodskap/betekenis
- Wat is jou reaksie op die visuele bronne?
- Dink jy dat hulle suksesvol 'n boodskap van mag of weerstand oordra?

Inligting soos die volgende kan gebruik word:

FIGUUR 3a: Vryheid lei die volk

Propaganda vir die Franse Rewolusie.

Diagonale lyne dui onrus/mag/beweging (met ander woorde weerstand/onstabiliteit) aan.

Hand wat die vlag omhoog hou is 'n simbool van oorwinning en vryheid.

Jong seun aan die regterkant simoliseer die volk wat gereed is om teen die regime in opstand te kom.

Tema hou verband met gebeure wat tot die Franse Rewolusie gelei het.

Die boodskap is een van oorwinning/opstand/teenstand.

Leerders moet hul eie reaksie op die kunswerke gee en motiveer of dit die boodskap suksesvol oordra.

FIGUUR 3a en 3b staan in direkte kontras met mekaar. Alhoewel hulle dieselfde boodskap van opstand/weerstand/vryheid uitbeeld.

In Figuur 3a word die vrou wat vryheid simboliseer op 'n vroulike manier uitgebeeld met die vloeiende lyne van haar klere en die lyne van die waaierende Franse vlag. Haar borste is ontbloot, amper as 'n uitdaging van die verdrukking wat alle Franse kleinboere onder die monargie gely het. Dit is ook baie subtiel in hierdie boodskap, want 'n vrou met ontblote borste is baie kwesbaar. In die Dame van Vryheid se geval ontbloot dit as't ware haar siel. Sy is bereid om naak te wees in opstand teen die onmenslike manier waarop die Franse bevolking behandel word. Sy is heeltemal blootgestel in haar politieke oortuigings as dit by die konfrontasie van die magte van die monargie kom, maar deur die Franse vlag te swaai beeld sy reeds oorwinning of vryheid uit. Sy dra 'n wapen met 'n bajonet, net soos die jong seun langs haar, wat aandui dat sy self sal veg en selfs van aangesig tot aangesig met die vyand sal staan, en die geweer as 'n swaard sal gebruik. Dit is 'n dreigende boodskap, wat suksesvol deur die kunstenaar oorgedra word.

FIGUUR 3b: Die vaandeldraer

Die rolle word omgeruil in hierdie uitbeelding van Adolf Hitler, hier die Vaandeldraer genoem. Die titel is self dubbelsinnig, omdat 'n vaandeldraer nie as die absolute tiran gesien word wat Hitler was nie. Die figuur is in 'n wit wapenrusting geklee. Dit suggereer dat sy posisie hier skoon en onaangetas moet bly dwarsdeur die stryd om die wêreld, iewers in 'n ondergrondse skuiling vanwaar hy die gebeure dophou.

Die skildery is in 1939 gevef, lank voor die einde van die Tweede Wêreldoorlog, maar Hitler het tyd gehad om sy aanval te beplan en staan soos 'n koning op 'n skaakbord, gewapen met strategie en 'n weermag wat die wêreld kan pak, daarom straal hy 'n stil, oortuiging en selfversekerdheid uit wat deur die rigiede liggaamshouding beklemtoon word. Sy hand, wat 'n vlag vashou, word nie as teken van oorwinning of uitdaging opgelig nie. Dit is asof hy soos Moses 'n staf vashou en oorwinning en die afdwinging van sy wil en dominansie oor sy volk en die wêreld verklaar. Sy blik is stip asof hy reeds oorwinning gesien het. Die lyne van sy liggaamshouding staan in kontras met die beweging en energie wat in FIGUUR 3a voorkom. In Beide figure speel die nasionale vlag 'n belangrike rol.

Beide figure word uitgebeeld in profiel, wat mag beklemton. Een is staties, en een is vol beweging.

FIGUUR 3c: Johan Kannemeyer, N is vir Nagmerrie

Kunstenaar Johan Kannemeyer het 'n sosiopolitieke stelling geskep as deel van sy reeks 'Die Alfabet van Demokrasie'. Hy beeld 'n tipiese middelklas huis in 'n voorstedelike woonbuurt uit waar die nuwe nagmerrie misdaad is. Kannemeyer hanteer verskeie kwessies waarvoor politici en joernaliste wegkruip, deur 'n mengsel van die stereotipes te gebruik wat met politieke spotprente geassosieer word, en dit met die diep persoonlike, die oneerbiedigheid en die surrealisme van die onderbewussyn te kombineer. Sy idiosinkratiese mengsel van allegorie, geskiedenis, eksistensialisme, selfhaat en nihilisme skep 'n nare brousel. Hy neem politieke satiere 'n gewaagte stap verder na die duistere dieptes van wit vrees. Om iemand of iets te vrees impliseer dat jy glo hulle/dit kan jou seermaak.

Dit figure in die drome van die slapende voorstad is hier nie diesimpatieke slagoffers van armoede en die voorheen benadeeldes nie. Hulle word doelbewus uitgebeeld as barbare wat verband hou met Herge se uitbeelding van 'die inboorlinge' in die kontroversiële 'Tintin in die Kongo'. Die gebruik van Tintin as 'n satiriese karakter, soos gesien in die parodie van 'Tintin in die Kongo', is aangrypend op meer as een manier.

Alhoewel baie verskillend in inhoud en betekenis, toon FIGUUR 3c steeds duidelike ooreenkomste met die ander figure wat hier uitgebeeld word. Die plaaslike mense word met dreigende gesigsuitdrukings uitgebeeld en hou spiese en wapens vas, net soos die dame van Vryheid. 'n Wapen is 'n simbool van vernietiging.

(8)

- 3.2 Leerders moet 'n opstel van ongeveer 1½ bladsy skryf waarin hulle na ten minste EEN kunstenaar/groep verwys wat hulle kuns as 'n instrument vir protes of propaganda gebruik.

Daar moet na die volgende verwys word:

- Naam van kunstenaar(s) of groep kunstenaars
- Titel van die kunswerke (indien van toepassing)
- Media en tegniek
- Invloede
- Stilistiese kenmerke
- Sukses as 'n instrument vir protes of weerstand.

(12)
[20]

VRAAG 4: KUNSVLYT EN TOEGEPASTE KUNS

- 4.1 Leerders moet 'n paragraaf van ongeveer 1 bladsy skryf waarin hulle bespreek wat hulle verstaan onder die woorde *kurio*, *versamelstukke*, *kunsvlyt* en *kuns*. Daar moet na FIGUUR 4a – 4d verwys word en die volgende moet as 'n riglyn gebruik word:

Die volgende inligting kan oorweeg word:

- Verskille/Ooreenkomste tussen tradisionele en kontemporêre benaderings
- Waarde van die kuns-/kunsvlytwerk
- Teikenmark

Kurio: Dit kan verwys na 'n aandenking, snuisterye, antieke voorwerp of nuwigheid wat gekoop is. Jy koop dit as 'n herhinnering/geskenk of aandenking. Ongewoon, fasinerend en in baie gevalle deur reisigers in nuwe lande versamel. Outentieke "ex-curios" is raar en buitengewoon in terme van styl, tegniek en beelde. Dit is waarlik versamelstukke.

Versamelstukke: Gewoonlik is die voorwerp/kunswerk/toegepaste kuns van groot waarde en baie duur. As gevolg van die geldwaarde van die werk sal dit meer waardevol raak oor die jare. Dit kan beide funksionele en nie-funksionele werke wees.

Kunsvlyt: Daar is 'n definitiewe onderskeid tussen beplanning en uitvoering. Gewoonlik sal die kunstenaar 'n kunswerk skep wat vaardigheid en vermoë vereis wat hy/sy oor baie jare verwerf het. Byvoorbeeld, mandejivleg, kralewerk, gekerfde kieries, meubels en houtsneewerk ensovoorts. Sommige is funksioneel en ander nie-funksioneel. Die kunsvlytkonsep word met die maak van bruikbare items geassosieer.

Kuns: 'n Kunstenaar se werk het gewoonlik nie 'n gebruik of funksie nie. Kuns spreek tot die verbeelding en word nie vir enige praktiese gebruik geskep nie, behalwe vir die ontwikkeling van die menslike siel. Oorspronklike kuns is gewoonlik duurder, terwyl kunsvlyt meer toeganklik vir die gewone persoon is.

Beide kunsvlyt en toegepaste kuns vereis talent, vermoë en vaardigheid. Die verhouding tussen kuns en kunsvlyt is kompleks. Die meeste van hierdie kunstenaars gebruik herwinde papier, draad, ensovoorts.

- Die tradisionele kunsvlyt en toegepaste kuns gebruik materiale wat nie mensgemaak is nie, goedkoop en maklik bekombaar is, bv. Hout, klei ens.
- Kontemporêre kunsvlyt- en toegepaste kunstenaars gebruik nou nuwe mediums soos glas, krale, plastiek en metaal soos piouter/vlekvrye staal en aluminium wat bietjie duurder is.
- Die kontemporêre toegepaste kunswerke wat metaal en glas gebruik is duurder (Carrol Boyes) en het 'n ander teikenmark as die kunsvlyt wat as 'n kurio of aandenking gekoop word.

FIGUUR 4a: Kralewerk/vlegwerk het 'n goeie kopie vir oorsese toeriste geword omdat hulle ons kleurvolle land verteenwoordig en maklik en lig is om te vervoer.

FIGUUR 4b: Hout is kosbaar in ons land omdat ons bome bedreig word. Dit houtbakke kan funksioneel wees, maar die figuurtjies is net dekoratief.

FIGUUR 4c: Plastiek is baie bekostigbaar. Ontwerpers skep nou kleurvolle en kunstige bakke, eetgerei, plekmatjies ensovoorts wat vir almal toeganklik is.

FIGUUR 4d: Dekoratiewe en ontwerperkeramiek is gewoonlik duur en word gewoonlik nie as vertoonstukke/nie-funksionele stukke gebruik. Byvoorbeeld Ardmore Studio.

(8)

4.2

Leerders moet 'n opstel (ongeveer 1½ bladsy) skryf oor enige TWEE kunsvlytkunstenaars wat hulle bestudeer het.

Die volgende moet genoem word:

- Name van kunstenaars
- Bespreking van medium en tegniek wat gebruik is
- Gebruik van dekoratiewe elemente
- Invloede

Leerders mag na die volgende verwys:

- Ardmore Studio Keramiek, Nesta Nala Keramiek, Rebecca Matibe Keramiek, Hylton Nel Keramiek, Clementia Van Der Walt Keramiek, Alina Ndebele tapisserieë, Reuben Ndwandwe mandjievleg, Beauty Nxonga mandjievleg, Elliot Mkize draadvleg, Kaross borduurwerkprojek, Esther Mahlangu muurbedekkings, of enige ander.
- Internasionale verbintnisse of invloede sluit in Pan-Afrikaanse kunsvlyt, Bauhaus, Art Deco toegepaste ontwerp en Inheemse Amerikaanse kunsvlyt, of enige ander.

(12)
[20]

VRAAG 5: KUNS EN MAG – GEDENKGEBOUE, GEDENKTEKENS EN KUNSWERKE

Leerders moet die gegewe teks lees en die visuele bronne FIGUUR 5a en 5b bestudeer, en 'n sopstel skryf van ten minste 2 bladsye waarin hulle bespreek/debateer waarom gedenkgeboue/gedenktekens en argitektuur sulke kragtige uitdrukkingsvorme is. Die volgende moet oorweeg word:

- Name van voorbeelde van ten minste TWEE gedenkgeboue/gedenktekens wat bestudeer is
- Gebruik van materiale en tegnieke
- Belangrikheid van die terrein van die gebou/struktuur
- Doel/funksie van die gebou/struktuur
- Bespreking van dekoratiewe kenmerke/beelde waar van toepassing
- Die leerder se reaksie op die strukture en hul betekenis/belangrikheid

Die volgende inligting moet oorweeg word:

Die term *gedenk* beteken om te onthou/om 'n gebeurtenis of 'n persoon of groep deur 'n seremonie of monument van een of ander aard te onthou.

- Die voorbeelde wat gekies word, mag godsdienstig, spiritueel, aandenkend, polities of korporatief wees.
- Leerders moet in staat wees om aan te dui hoe die gekose voorbeelde as gedenkgeboue. Gedenktekens en kunswerke beskou kan word.
- Hulle moet geldige inligting oor die gebruik van material, tegnieke en dekoratiewe kenmerke/beelde gee.
- Leerders moet hul eie reaksie op die betekenis van die gekose voorbeelde gee, met motiverings.
- Doel en funksie van die gebou/struktuur, voorbeelde bespreek.

Vir baie geslagte was/is argitektuur 'n visuele herinnering aan vorige of huidige samelewings en word samelewings beoordeel op hulle geboue/strukture en wat die strukture vertel van die samelewing, bv. Egiptenare word op hul piramides beoordeel wat hulle gebou het om hul faraos in te begrawe en wat as 'n kragtige simbool van hul samelewing gesien word.

Vername mense wat in posisies van mag is, wil hê latere geslagte moet hulle deur die strukture wat hulle gebou het, onthou. In die vroeë dae het mense hope klippe opgerig om 'n sekere gebeurtenis by 'n spesifieke plek te onthou. Deesdae is daar orals monumente of gedenktekens van gebeure.

Verskillende lande vertel ons van hulle idees uit hul verlede en hede – argitektuur is 'n kragtige vorm van uitdrukking. Geboue word vir verskeie redes en verskillende soorte mag gebou.

Mense word beoordeel volgens die strukture wat hulle bou, waarin hulle bly of waarin hulle werk. Gedenktekens help om mense bymekaar te bring na 'n nasionale krisis soos 'n oorlog. 'n Oorlogsgedenkteken word gedefinieer as 'n gebou, monument, beeldhouwerk of enige ander struktuur om 'n oorlog of 'n oorwinning te vier of om dié wat gedood of beseer is in die oorlog, te gedenk. Baie oorlogsgedenktekens neem die vorm van 'n monument of beeldhouwerk aan en dien as 'n ontmoetingsplek vir gedenkdienste en het maklike openbare toegang.

Sommige Pan-Afrika/Europese voorbeelde: Egiptiese piramides, die Parthenon, Romeinse boë en suile/naalde, die gedenksuil van Trajanus, Arc de Triomphe in Parys, Arco di Trionfo in Rome, Boog van Konstantyn, ens.

Suid-Afrikaanse Argitektuur en Mag:

FIGUUR 5a: Boshoff, *Garden of Words*, Kirstenbosch, Installasie, 2007: hierdie tuin is geskep om 'n veld wit blomme voor te stel wat reinheid simboliseer. Hierdie sintetiese blomme is instrumente wat boodskappe oordra. Elke blom [uitgestorf/bedreig] het beide die botaniese en gewone name van 'n plant wat op die wit doek waaruit die blom bestaan, geskryf is. Sy tuine herinner ons aan gedenktuine. Hy gebruik kleur simbolies – rooi plastiekstamme is gebruik vir die koppies wat die wit lapkroonblare vashou. Rooi is die kleur vir 'n bedreigde spesie en ook bloedvergiëting tydens die oorlog. Wit vlase, in die konteks van oorlog, is gebruik om oor te gee. Verder is die land van oorsprong ook op die wit doek gedruk, wat die blomme gelykstel aan mense. Die kunstenaar het hierdie geordende, tydelike gedenktuin geskep vir bedreigde plante, omdat hulle uit die natuur begin verdwyn. Sy tuin van woorde bespreek en ondersoek waarhede, kennis en mag. Woorde en kennis dryf die mensdom tot tegnologiese hoogtes.

Ander voorbeelde wat gebruik kan word:

1. **Uniegebou** – Arcadia, Pretoria, 1913 [argitek Sir Herbert Baker]. Sandsteen Engelse monumentale styl. Twee vleuels aan die kante verteenwoordig die vereniging van voorheen verdeelde mense. Die oos- en wes-vleuels verteenwoordig twee tale, Engels en Afrikaans. Inheemse tuine op terrasse en 9 000-sitplek-amfiteater. Verskeie monumente en beelde. Groot ruitstandbeeld van Generaal Louis Botha [eerste eerste minister van RSA]. In 1956 was daar 'n groot optog na die Uniegebou van 20 000 vroue gelei deur Lilian Ngoyi, Helen Joseph, Moosa en Williams-De Bruyn om te protesteer teen die voorgestelde amendemente aan die Wet op Stedelike Areas [paswette].
2. **Voortrekkermonument** – Pretoria, 1948. Afrikaner-Nasionalisme. [argitek: Moerdijk]. 'n Monument wat vir 'n duisend jaar sou staan om die geskiedenis en betekenis van die Groot Trek te beskryf. Dié monolitiese struktuur op 'n lae heuwel buite Pretoria is 'n herinnering aan apartheid of 'n belangrike gedenkgebou vir die Afrikaner. Die koepel is 'n halwe sirkel [drie-dimensionaliteit].

Daar is 'n sirkel binne 'n vierkant [verteenwoordig aarde/vier hoeke van die aarde met 'n beeld by elke hoek]; die sirkel word 'n simbool van alle geestelike dinge. Op 16 Desember om 12:00 val 'n sonstraal op die senotaaf in die Hedgesaal, met die inskripsie "Ons vir jou, Zuid-Afrika!". Inheemse tuine en by die voet van die monument is daar 'n beeld van 'n Voortrekkervrou en haar kinders deur die beeldhouer, Anton van Wouw.

3. **Vrouemonument** – Bloemfontein, 1913 [argitek Soff]. Hierdie monument gedenk die lyding van ongeveer 27 000 Boerevroue en -kinders wat in Britse konsentrasiekampe gesterf het tydens die Boere-oorlog. 'n Eenvoudige sandsteenmonument. Dit bestaan uit 'n obelisk van ongeveer 35 m hoog en lae, halfmaanmure aan twee kante. By die basis van die obelisk is 'n beeld deur Van Wouw, wat vertel van die lyding van daardie vroue en kinders wat weens siekte en honger in die Britse konsentrasiekampe gesterf het. Die beeld is omring deur die 'fluisterende muur'.

4. **Sharpeville Menseregte Distrik** – Gauteng, 2001

Die Sharpeville Gedenkteken en distrik is op 21 Maart 2002 deur Nelson Mandela geopen. Dit eer diegene wat hulle lewens verloor het in die Sharpeville-slagting op 21 Maart 1961 en is gebou om te onthou toe 'n Paswet-protes op 'n tragedie uitgeloop het. 69 mense het gesterf en meer as 300 is beseer toe 'n groot groep mense by Sharpeville vergader het, in 'n Paswetprotes deur die PAC georganiseer en deur Robert Sobukwe geleid.

In 2001 het die regering 21 Maart herdenk deur die onthulling van die Sharpeville Menseregte Gedenkteken op die plek buite die polisiestrasie waar 69 mans, vrouens en kinders geskiet is. Die name word op die gedenkplaat vertoon. Die 46ste herdenking van Sharpeville-dag is ook die 10de verjaarsdag van Menseregtedag en die ondertekening van Suid-Afrika se Grondwet. Die gedenkteken is 'n simbool van hoop en die omringende areas van die monument word begrens deur inheemse gras. Die monument se fokuspunt is die fontein en die water wat deur die middel van die Monument loop, verteenwoordig die koeëlgate wat die geboue, voertuie en liggame tydens die slagting gepeper het. Die water verteenwoordig die bloed wat die dag in die strate van Sharpeville gevloei het; maar simboliseer ook reiniging. Spoelklippies is om die basis van die fontein geplaas; 'n verteenwoordiging van die lewens in die stryd verloor. Die verskeie suile in die monument is individuele senotawe vir elke slafoffer in die stryd. 'n Gedenkklip vir die slagoffers word ook in die gedenkgebou gehuisves. Dit is onthul op 10 Desember 1996, dieselfde dag waarop die Nuwe Grondwet by Sharpeville deur oudpresident Nelson Mandela onderteken is.

5. **Vryheidspark** – Pretoria, 2004

Vryheidspark [52 hektaar] is 'n projek wat die ontwikkeling van 'n erfenisgebied op Salvokop buite Pretoria tot gevolg sal hê. 'n Sentrum van kennis bedoel om 'n dieper begrip van Suid-Afrika en al sy mense te skep deur die vertel van die land se prekoloniale, koloniale, apartheid- en post-apartheidsgeskiedenis. Dit bestaan uit 'n gedenkteken, interaktiewe museum en tuin van herinnering. Die park sal strewe om al die land se ontvouende ervarings en simbole te huisves om sodoende een storie van die stryd van die mens vir vryheid in Suid-Afrika te vertel – die stryd om oorlewing, grond en hulpmiddele en hoe hulle die sosiale, ekonomiese, politieke, kulturele en historiese landskap van die land gevorm het. Die regering het ongeveer R350 miljoen vir die bou van die Park begroot.

Eerste fase voltooi

Konstruksie van die eerste fase van Vryheidspark, 'n 25 000 vierkante meter tuin van herinnering, het in Julie 2003 begin en is voltooi teen Maart 2004, betyds vir Vryheidsdag – en die tiende herdenking van demokrasie in Suid-Afrika – op 27 April. Die tuin van herinnering, 'n landskap-ontwerpte tuin, vorm die eksterne omgewing van Vryheidspark – wat eersdaags met monumente, beelde en standbeelde gevul sal word – wat die finale rusplek vir alle helde en heldinne van die konflikte wat Suid-Afrikaanse geskiedenis gevorm het, simboliseer.

In 2003 het 'n reeks reinigings-, helende en simboliese herstelseremonies in elke provinsie regoor die land plaasgevind, wat die sewe hoofkonflikte in die Suid-Afrikaanse verlede erken – volksmoord, slawerny, die oorloë van weerstand, die Anglo-Boereoorloë, die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, en die stryd om bevryding van apartheid.

Grond van die plek van elke seremonie, saam met 'n plant uniek aan elke provinsie, is versamel en gestuur om deel te vorm van die tuin van herinnering, ter ere van dié wat gedurende die sewe konflikte geraak is. 'n Naamrol van mense wat gesterf het gedurende die sewe konflikte sal ook deel van die tuin vorm. Tydens die amptelike oorhandiging op 8 Maart 2004, het oudpresident Thabo Mbeki gesê dat dit 'n plek vir almal sal wees om te mediteer oor wat in Suid-Afrika bereik is.

Die voltooide Vryheidspark sal 'n gedenkteken, 'n interaktiewe museum, 'n oop ruimte wat ten minste 5 000 mense kan huisves, 'n konferensiesentrum en 'n kommersiële gebou en 'n biblioteek en oudio-visuele biblioteek insluit. Die Vryheidsparkgedenkteken sal streef om 'n gemeenskapsproses van die herdenking van die pyn en viering van die oorwinnings van die verlede te fasiliteer, deur die bewaring van die herinneringe van die slagoffers van konflikte en menseregteskendings deur slawerny, kolonialisme en rassisme veroorsaak, en deur die verering van die slagoffers, helde en heldinne van die stryd teen apartheid. Die museum, deur interaktiewe, nuutste uitstallings, wil Suid-Afrika se prekoloniale, koloniale, apartheid- en post-apartheidgeskiedenis en erfenis uitstal en bewaar.

6. Konstitusionele Hof – Johannesburg, 2005 – demokrasie in aksie

- 150 000 bakstene van die ou tronkgeboue is gebruik vir die bou van die Hof en trappe.
- Werk het in Oktober 2001 op die standplaas begin
- 500 werkers
- Die hele kompleks beslaan 95 000 vierkante meter
- R492 miljoen (koste van projek)

Die Hof se permanente tuiste is ingehuldig deur oudpresident Thabo Mbeki op Menseregtedag in 2004 – deel van die vieringe van 10 jaar van demokrasie. Die Konstitusionele Hof is 'n baanbrekergebou wat nie slegs die 11 regters wat Suid-Afrika se Grondwet beskerm, huisves nie, maar ook staan as 'n ikoon vir ons nuwe kultuur van demokrasie en menseregte. Die jong argitekte wat die opdrag gewen het, wat gebaseer was op die konsep van 'geregtigheid onder 'n boom' – was Janina Masojada en Andrew Makin van Durban, en Paul Wygers van Johannesburg.

Die Hof, 'n simbool van die demokrasie wat apartheid vervang het, is opgerig op die plek van die Ou Fort, Johannesburg se berugte tronk, simbolies van die triomf van hoop oor 'n troebel verlede. Die gebou wat die waardes van ons nuwe kultuur van konstitusionaliteit reflekteer, het 'n hofkamer, publieke areas, 'n biblioteek, publieke leesruimte en kantore vir 11 regters en ander personeel. Op hierdie terrein, eens die Ou Fort-tronkkompleks, algemeen as Nommer Vier bekend, het politieke gevangenes en gewone misdadigers hul verhoor afgewag en hulle gevangenskap uitgedien. Die Ou Fort-tronkkompleks, algemeen bekend as Nommer Vier, is om breedweg die geskiedenis van weerstand in Suid-Afrika uit te stip.

Ou Wagtoring – Konstitusionele hof, Hillbrow, Johannesburg, Suid-Afrika. Konstitusionele Heuwel se openbare deelnemende program het die lang proses van uitnodiging aan oudgevangenes en bewaarders terug na die plek begin om deel te neem aan navorsingsgebaseerde werkswinkels. Uitstallings is ontwerp as deelnemende ervarings.

Daar is baie fasiliteite op Konstitusionele Heuwel vir jou om jou eie herinneringe en reaksie op die uitstallings te dokumenteer.

Die Mandela Sel het 'n film wat Mandela se tyd in die Ou Fort dokumenteer.
Vrouetronk – Viktoriaanse gebou wat nie die pyn en lyding wat daarbinne plaasgevind het, wys nie.

"We the People wall" – Dit is die lengte van Konstitusionele Plein, by die basis van die Ou Fort-verskansings; deelnemers wissel van Nelson Mandela en ander oudgevangenes tot gewone mense in Suid-Afrika. Daar is 'n versameling van gevangenisobjekte en -embleme wat lig werp op die sisteem van straf en gevangenskap gedurende apartheid in Suid-Afrika.

Die Konstitusionele Hof (OMD Design Workshop and Urban Solutions, argitekte Masojada, Makin, Padden en Wygers)

Toegang tot die Hof is deur 'n paar imposante 9 m-hoë houtdeure versier met sneewerk van woorde en gebaretaalsimbole wat die 27 regte vasgevang in die Grondwet, oordra.

Hierdie is deure met 'n geskiedenis: die regters het gevra vir hout, maar die argitekte het gesê hulle verkies metaal aangesien hout nie duursaam is nie.

Toe die Konstitusionele Hof in 1995 ingewy is, was die rakke van die nuwe biblioteek leeg, maar nou het die versameling reeds meer as 40 000 volumes. Die biblioteek beslaan 'n ruim van drie verdiepings in die noordelike vlerk van die Konstitusionele Hof. Die nuwe biblioteek het 'n publieke leeskamer wat vergroot kan word, met 'n aparte ingang.

Die ingangsportaal tot die Hof is 'n ruim, ligge vulde area met leunende suile, 'n argitektoniese metafoor vir bome waaronder Afrika-inwoners tradisioneel hulle wetlike geskille besleg het. Dit is net een van die baie voorstellings van 'n herhalende tema in die gebou: dié van 'geregtigheid onder 'n boom'. Die suile is met mosaïek versier – blou, groen, oranje en rooi. Die betondak het gleuwe ontwerp om bewegende areas en sonligfilters deur die blare te skep.

Die dak se betonbalke is gegraveer met die woorde: "human dignity, equality and freedom" in voorbeelde van die handskrif van elke regter. Die fokuspunt in die ingangsportaal is 'n muur met 512 gebrandskilderde vensters.

Die hofsaal is op die plek van die verhoorafwagende blok wat in 1928 gebou is en gestroop is om plek vir die nuwe struktuur te maak, opgerig. Maar die argitektheit het aan die ou gebou op 'n vars en nuwe manier hulde gebring: vier van sy sentrale trapkuile is gered, en bakstene verkry van die blok is gebruik om die suidelike muur van die saal te bou wat 'n ruwe, maar treffende voorkoms skep. Die noordelike muur is bykans net glas en laat lig by die vertrek instroom. Die regters se podium, gelig en in die vorm van 'n halfmaan, is teen die oostekant van die vertrek. Elke regter se naam is net onder die rand van die oppervlak gedruk. Die podium se voorkant is met 'n beesvelpatroon versier – bruin met wit spatsels. Voor die podium is nog 'n lang lessenaar vir die regslerke. Voor hulle is twee rye sitplekke vir die regspanne met direkte aansig. Anders as ander hofsale het hierdie geen getuiebank nie. Die openbare sitplekke bestaan uit bruin metaalbanke en die regters sit op swart leerstoel.

Versameling van Kunswerke

Regter Albie Sachs het die projek geïnisieer. Hy het begin met 'n begroting van R10 000 en donasies is gemaak. Judith Mason se *Blou rok*, Berman se *Vure van die Waarheidskommissie*, tapisserieë deur Marlene Dumas, skilderye deur Sekoto, *Drie figure* deur Feri, *Sleeper black* deur Kentridge. Ander kunstenaars sluit in: Mautloa en Oltman se oorhangende lamskerms wat boomblare verteenwoordig.

Regters se Binnehof

Die nuwe gebou het twee lae: die buitenste een bestaan uit die ingangsportaal, die hofkamer, 'n debatskamer en 'n uitstallingsruimte wat oopmaak op die Groot Afrika-trappe. Die volgende laag bestaan uit die administratiewe seksie en reg in die middel van die gebou, 14 regters se kantore – 11 vir die Konstitusionele Hof se regters en drie vir besoekende regters. Die regters se kantore is op drie verdiepings en het oop ruimtes en visdamme op grondvlak. Hulle bied maklike toegang tot die hofsaal en biblioteek.

Konstitusionele Hof-trappe/"Great African Steps"

Suid-Afrika se eerste groot post-apartheid-staatsgebou is ontwerp om die oopheid van die Grondwet self te beliggaam. Deurskynend en verwelkomend, gevul met warmte. Geen marmerbekleding of houtpanele nie, maar het grasiëuse proporsies. En die hoofmateriaal – hout, beton, staal, glas en swart leiklip – vul die hof met 'n Afrika-gevoel.

7. Red Location-distrik – Port Elizabeth [Nero Wolf Argitektheit]

Dit 'n belangrike plek in Suid-Afrika se stryd vir vryheid en die tuiste van baie politieke en kulturele leiers. 'n Moderne museum in 'n krotbuurt konfronteer idees van museumontwerp en besoekers word as aktiewe deelnemers behandel. Die verlede is verteenwoordig deur 'n stel herinneringe van die stryd. Die museum wys Suid-Afrika met sy onstuimige geskiedenis. Twaalf herinneringshouers [geroes/ongemerkt] in die hoofuitstalruimte is 6 meter en 12 meter hoog.

Die houe wys herinneringe wat trekarbeiders gebruik het om objekte te vul wat hul tragiese lewens gedokumenteer het toe hulle uit die landelike areas ontwortel is. Die ruimtes tussen die houe is refleksies wat ons na die hede bring [die skemer van herinnering]. Die museum sluit 'n ouditorium, biblioteek, kunsgalery en kantore in, asook 'n gedenkruimte om plaaslike helde van die apartheidstryd te gedenk en 'n graf vir Raymond Mhlaba, 'n nasionale held in die stryd.

Saagtandfabrieksdak, staalvensters, geroeste sinkriffelplate is gebruik vir die herinneringshouers, betonblokke. Manipulasie van natuurlike lig is effektief gebruik. Die oostekant van die gebou word 'n bewoonbare muur met sitplekke, 'n speelarea vir kinders en 'n parkeerruimte vir taxi's. Die area voor is bedek deur 'n enorme houtpergola/-stoep, wat die ingang tot die gebou merk en 'n openbare saamkomplek aandui. Die grasbedekte buitebymeekaarkomplek het 'n reuseskerm om films aan 2 500 mense te vertoon. Die gebou steun op die drama van lig en ruimte.

[20]

VRAAG 6: DIE ROL VAN FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID SUID-AFRIKA

6.1 Die leerders moet die twee visuele beelde FIGUUR 6a en 6b bestudeer en 'n ontleding van werke (ongeveer 1 bladsy) skryf. Die antwoord moet die volgende insluit:

- Bespreking van die keuse van medium
 - Beide kunstenaars gebruik gedrukte lino-sneemetode. Hulle werk slegs met swart ink om werke te skep wat 'n baie sterk positiewe en negatiewe vormkontras toon.
 - Die gebruik van lino-snee beteken dat hulle 'n aantal beelde op dieselfde werk kan druk.
- Gebruik van kunselemente
 - Sterk kontras tussen swart en wit, positief en negatiewe vorme.
 - Gebruik van soliede areas in swart (lino) en meer lineêre areas waar die lino weggesny is.
 - Gebruik eenvoudige, naïewe beelde om die boodskap oor te dra.
 - Gebruik teks in FIGUUR 6b
 - Sterk gebruik van organiese dekoratiewe elemente in FIGUUR 6a

(8)

6.2 Leerders moet 'n opstel skryf (ten minste 1½ bladsy) waarin hulle EEN volwasse kunssentrum bespreek wat hulle bestudeer het, en die werk van ten minste EEN kunstenaar wie se werk die styl en filosofie van die kunsskool weerspieël.

Die opstel moet die volgende inligting insluit:

- Naam van kunssentrum
- Tipe opleiding wat verskaf word
- Befondsing
- Filosofie van die sentrum
- Naam van kunstenaar
- Onderwerp
- Styl
- Tegniek

Rorke's Drift Kuns-en-Kunshandwerk-sentrum: Azaria Mbatha (drukkunstenaar), Gordon Mbatha (keramiek), John Muafangejo (drukkunstenaar), Alina Ndebele (weefwerk), Dan Ragoathe (drukkunstenaar), Cyprian Shilakoe (drukkunstenaar), Vuminkosi Zulu (drukkunstenaar), ens.

- Die Evangelical Lutheran Church (ELC) en kunshandwerk-sentrum by Rorke's Drift, Natal is in 1962 begin.
- Die skonekunste-afdeling is in 1982 gesluit. In Dundee op die terrein van een van die bekendste slagvelde van die Anglo-Zoeloe- oorlog.
- Die Evangelical Lutheran Church (ELC) het 'n klein werkwinkel in 1962 begin vir swart kunstenaars wat deur Sweedse kunsonderwysers opgelei is.
- Onderrig: Kunshandwerk – weef in natuurlike wol, linosnee, spin en kleur en tekstieldruk [onderrig deur Malin], grafika en beeldhou [onderrig deur Cetto], keramiek, sydrukwerk.

Onderwysers: Peder en Ulla Gowenius (stigters), Ola Granath en sy vrou, Malin, en Otto Lundbohm, Marietjie van der Merwe (pottebakkerswerk), Alina Ndebele (eers student, toe onderwyser).

Wie het daar gestudeer: Azaria Mbatha (drukkunstenaar), Gordon Mbatha (keramiek), John Muafangejo (drukkunstenaar), Alina Ndebele (weefwerk), Dan Ragoathe (drukkunstenaar), Cyprian Shilakoe (drukkunstenaar), Vuminkosi Zulu (drukkunstenaar), ens.

Befondsing:

- Aanvanklik het die Evangelical Lutheran Church fondse verskaf, maar die idee was om funksionele kuns te skep wat verkoop kon word om die skool selfversorgend te maak.
- Dit was suksesvol, maar die winste geskep deur die weefafdeling het vir die skool se funksionering betaal, insluitende die skonekunste-afdeling en die pottebakkers- en tekstieldrukwerkwinkels.
- Daar was skynbaar spanning tussen die skonekunste- en die kunshandwerk – aangesien die kunsvlytwerk 'n groter inkomste geskep het en die skonekunste-afdeling moes sluit.

Die doel van die skool:

- Die aanvanklike doel van die skool was om vrouestudente as kuns- en kunshandwerkadviseurs op te lei om met pasiënte in hospitale te werk. (TB- pasiënte het kuns as terapie gebruik.)
- Die geskrewe doelstelling van die sentrum was: "om die unieke kunserfenis van Afrika te koester. Om hierdie erfenis uit te brei met nuwe invloede sodat dit sy regmatige plek in 'n ontwikkelende en veranderende samelewing kan inneem."

Dualiteite:

- Rorke's Drift het begin toe Pollystraat gesluit is.
- Rorke's Drift was landelik – Pollystraat was stedelik.
- Rorke's Drift was "in Afrika " – Pollystraat het 'n "romantiese rekonneksie met Afrika" gesoek.
- Rorke's Drift is deur vroue gedomineer en Pollystraat deur mans.
- In die sentrum self is daar die volgende dualiteite:
 - Die dualiteit tussen oud en nuut
 - Weste en Afrika
 - Tradisionele en nuwe tegnieke

- Ook die dualiteit tussen die geslagte (en geslagskwessies), een geslag wat amper uitsluitlik een kunsvorm beoefen, bv. weef was vir vroue (uitgesonder sommige ontwerpe deur mans) en skone kunste is deur mans beoefen. Vroue het pottebakkerswerk met die rolmetode geskep, terwyl mans die skopwiel vir keramiek gebruik het.
- Daar was ook 'n onderskeid in Rorke's Drift tussen "bruikbare" en "ander" kunste, wat ons die funksionele en die nie-funksionele noem. Die probleem het opgeduik deurdat dit geblyk het dat die funksionele kunste (weef, keramiek, ens.) die nie-funksionele kunste (drukkuns, teken, ens.) befonds het, wat uiteindelik gelei het tot die sluiting van die skonekunste-afdeling. Die probleem was dat toe die skonekunste-afdeling gesluit het, 'n groot deel van visuele inspirasie vir die kunshandwerkkunstenaars verlore gegaan het en dit het daartoe gelei dat die kreatiewe groei van die skool afgeneem het.

Dualiteite tussen die skonekunste- en kunsvlytafdelings kan ook in die volgende gesien word:

SKONEKUNSTE-AFDELING	KUNSHANDWERK-AFDELING
<ul style="list-style-type: none"> • Studente het gewoonlik van stedelike dele gekom • Hierdie afdeling het die kerk geld gekos • Was meer polities bewus en dus meer krities • Meer kunstig kreatief • Gesluit in 1982 	<ul style="list-style-type: none"> • Studente het meestal van plattelandse dele gekom • Hierdie afdeling het die sentrum befonds • Minder polities bewus en minder krities • Het vrylik van die skonekunste-afdeling geleen • Het aangehou met produksie, maar met verminderde kreatiewe groei

Twee onderskeibare fases in die skool se geskiedenis:

Die eerste tydperk

Die ontwikkeling van 'n aantal betekenisvolle talentvolle individue – meestal drukkunstenaars wat reliëf en intaglio gebruik het – Azaria Mbatha; John Muafangejo; Cyprian Mpho Shilakoe; Vuminkosi Zulu.

Die tweede tydperk

Gedurende die 1970's is die fase gekenmerk deur mindere ontwikkeling van enige uitsonderlike individuele talente, maar eerder deur die poging om die skool op 'n sterk opvoedkundige basis te plaas.

Pollystraat Kunssentrum: Dumile Feni, Sydney Kumalo, Ezrom Legae, Louis Maqhubela, Ephraim Ngatane, Lucas Sithole, ens.

Nyanga Kunssentrum: Patrick Holo, Sydney Holo, ens.

Duitse Ekspressionistiese drukkuns, Afrika-stamkuns, Kubisme, Sweedse toegepaste ontwerp, ens.

VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

7.1 Leerders moet die gegewe teks lees en die visuele bronne FIGUUR 7a – 7d bestudeer en 'n paragraaf skryf (ongeveer 1 bladsy) waarin hulle ontleed hoe Damien Hirst beelde in sy kunswerk gebruik. Die volgende moet in die antwoord oorweeg word:

- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Style/medium en tegnieke
- Die leerder se interpretasie van die werke.

Onderwerp: Damien Hirst gebruik dierelewe in al sy kunswerke. Hy preserveer hulle in formaldehiede – om ontbinding te voorkom sodra hulle dood is. Hy skep beelde wat die dood definieer, soos in die skedels gesien word. Hy het ook die sebra, 'n wilde dier uit Suid-Afrika gepreserveer. Die *Goue Kalf* is 'n wit bul wat in 'n tenk formaldehiede gepreserveer is wat op 'n voetstuk gemonteer is. Sy hoewe en horings is 18-karaat goud. Op sy kop is 'n goue Egiptiese sonskyf – 'n vlase afgod. (Dit is bedoel om 'n selfportret te wees). Die kunswerk bestaan uit 18-karaat-goud, glas, goudgeplateerde staal, silikon, formaldehiede op 'n Carrara-marmervoetstuk.

Formele kunselemente: Al die kunswerke is 3-dimensionele/beelhou-installasies. Hirst gebruik helder kleure in sy kunswerke, oordadig, onrealisties. Die skedels is blink en die een het helder lekkers wat daarop geplak is.

Styl/medium en tegnieke:

FIGUURb7a: Lewensgrootte gietstuk van 'n menslike skedel in platinum en bedek met 8 601 platgesette diamante. Hy gebruik luukse diamant om 'n skedel te skep (ironies, want as jy doodgaan, kan jy nie enige rykdom saamneem nie)

FIGUUR 7b: Hirst gebruik honderde lekkers om 'n skedel te skep, weereens kan hierdie lekkers nie geproe word as jy dood is nie.

FIGUUR 7c en 7d: Hirst gebruik groot diere wat beide plaaslik/inheems en vreemd/eksoties is, wat hy in formaldehiede preserveer.

Leerders se interpretasie moet hul antwoord ondersteun.

(8)

7.2 Leerders moet 'n opstel van ongeveer 1½ bladsy skryf waarin hulle ten minste TWEE spesifieke kunswerke bespreek wat hulle bestudeer het waar kunstenaars multimedia op 'n kontemporêre manier gebruik het.

Leerders mag verwys na: Beezy Bailey, Steven Cohen, Kendell Geers, William Kentridge, Clive van den Berg, asook populêre kunsvorms bv. *Bitterkomix*/muurkuns/T-hemde en plakkate, ensovoorts.

Popkuns, Opkuns, Minimalisme, Konsentuele kuns, 'Performance'-kuns, Digitale kuns, installasies en videokuns of enige ander gepaste kunstenaars wat hulle bestudeer het.

(12)
[20]

VRAAG 8: KUNS EN DIE SPIRITUELE KONTEKS – KWESSIES RAKENDE GELOOFSTELS EN DIE GEWYDE IN KUNS

- 8.1 Leerders moet die wye verskeidenheid afbeeldings in FIGUUR 8a – 8d bestudeer wat almal verbandhou met godsdiens en spritualiteit. Hulle moet in hulle eie woorde verduidelik wat hulle as die nie-verbale boodskap beskou wat deur elke afbeelding oorgedra word. Hulle moet ook die doeltreffendheid van die afbeeldings in die uitbeelding van 'n spirituele of godsdienstige idee bespreek (ongeveer 1 bladsy.)

FIGUUR 8a: Pippa Skotnes het argeologie studeer en kombineer die geskiedenis van die Ixam-mense van Suid-Afrika met die Katolieke godsdiens. Die feit dat sy op die geraamtes geskryf het, en hulle in boeke verander het, herinner ons aan die Ixam-rotskuns wat in Namibië en naby Kimberley gevind word. Sy het die werk van Wilhelm Bleek en Lucy Lloyd bestudeer wat stories van die Ixam wat in die Kaap vir beesdiefstal aangehou is, aangeteken het. Hulle het vertel van die komplekse kosmologie en simbologie van die bosmense en hulle skeppingsmites.

Dit is alles ingesluit in verskeie etsings en geskrifte wat Skotnes oor die jare geskep het. Die feit dat sy vellum en ander metale by die beendere gevoeg het, hou ook verband met die antieke boekrolle soos dié wat by Qumran gevind is. Vellum is gebruik vir die skryf van antieke godsdienstige geskrifte en Skotnes verander dus hierdie installasie in 'n lewende manuskrip. Die kombinasie van Katolieke simbole soos die kruis skep 'n spookagtige atmosfeer, omdat die geraamtes self soos engele van die dood lyk.

Haar studie van argeologie het hierdie kunswerk diep beïnvloed en haar kennis van die Ixam-geskiedenis en –kultuur, insluitend rituele en gewyde seremonies, vul die werk met baie meer betekenis as wat op die oog af sigbaar is.

FIGUUR 8b: Salvador Dali beeld die Heilige Antonie uit, 'n heilige wat deur alle soorte demone en monsters in die versoeking gebring is. Dali beeld die heilige uit waar hy 'n kruis omhoog hou in 'n poging om die aanslag van wesens af te weer wat hul oorsprong gevind het in Dali se herhaalde nagmerries. Sy nagmerries het 'n vrees vir impotensie ingesluit. Die heilige Antonie is ook deur vroue in die versoeking gebring. Dali het homself as St. Antonie voorgestel wat 'n kruis omhoog hou om die nagmerries af te weer. Hy het dikwels Gala, sy vrou, as Moeder Maria uitgebeeld. Hier sit 'n naakte vroulike figuur bo-op die tweede monster in die ry monsters en vreesaanjaende figure. Die diere het almal verlengde bene, wat die droom-nagmerrie-atmosfeer beklemtoon. Die eerste figuur in die ry monsters wat op die punt is om 'n stormloop te begin, is 'n perd, met sy voorpote in die lug en gereed om St. Antonie te vertrap. St. Antonie is naak en hulpeloos met die kruis wat hy as sy enigste wapen vashou. 'n Naaldvormige vorm bo-op die derde dier in die ry. 'n Katedraal staan op die vierde dier se rug. Die modder wat van die perde se hoewe afspat dra by tot die vrees van die stormloop. Kunstenaars gebruik dikwels mites en narratiewe allegorieë of selfs rituele as 'n bron van inspirasie vir hulle skilderye. Dit beeld nie altyd die kunstenaar se godsdienstige oortuiging of geloof in die gewyde en spirituele uit nie, maar kan 'n spirituele soektog aandui. Alle kunsuitdrukkings kan egter as spiritueel gesien word, en dit hoef nie godsdienstig te wees nie.

FIGUUR 8c: Christelike gebrandskilderde glasvenster wat Maria, moeder van Christus, regs en die baba Jesus met sy gesig na die kyker gedraai, uitbeeld. Josef, Maria se man, is aan die linkerkant en hou 'n staf in sy linkerhand vas. Sy een hand is uitgestrek, asof hy die kind seën. Die moeder van Christus hou haar hande omhoog in seëninge vir haar kind. Daar is halo's om die koppe van al drie figure, dit wil sê hulle is heilig. Die diagonal lyne wat uit die bokant van die prentvlak ontstaan, dui die teenwoordigheid van 'n ligstraal aan, wat simbolies is van die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Die gebrandskilderde venster word in kerke en katedrale gevind en beeld godsdienstige temas uit die Bybel uit.

FIGUUR 8d: Michael Zondi het die kop van 'n profeet geskep uit een stuk hout wat rofweg gekerf is. Die gelaatstrekke beeld 'n wyse ou man uit, met 'n moontlike verwysing na die profete van die Bybel, soos Moses of Jeremia se bebaarde gesigte. Die oë is toe, asof in gebed/meditasie of in vervoering as gevolg van 'n visioen. Hy is beïnvloed deur godsdienstige verhale uit die Bybel en die meeste is gesentreer om godsdienstige temas. Dit is egter universeel, omdat dit ook 'n profeet van die stam kan wees

(8)

- 8.2 Leerders moet 'n opstel van ongeveer 1½ - 2 bladsye skryf waarin hulle die kunswerke van TWEE kunstenaars bespreek wie se temas verbandhou met godsdiens en/of die gewyde.

Leerders moet na die volgende verwys:

- Naam van die kunstenaar(s) en titel(s) van die kunswerke
- Formele kunselemente
- Gebruik van medium en tegniek
- Gebruik van beelde om idees oor te dra.
- Stilistiese kenmerke.
- Godsdienstige of spirituele belangrikheid (dit kan persoonlik of universeel wees.)

(12)
[20]

VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES

Leerders moet 'n opstel skryf (ten minste 2 – 2½ bladsye) waarin hulle bespreek hoe die kunstenaars in die visuele bronne FIGUUR 9a – 9d OF enige nader van hul eie keuse, die stereotipiese manier uitdaag waarop mans en vroue in die media uitgebeeld word.

Inligting wat ingesluit moet word:

- Naam van kunstenaar(s) en titel van werk(e)
- Aspekte van geslag en stereotipering wat in die werke uitgebeeld word.
- Styl en tegniek wat gebruik is
- Enige ander gepaste inligting.

FIGUUR 9a: Frida Kahlo, *Selfportret met kortgeknipte hare* 1940

Kahlo het die *Selfportret met kortgeknipte hare* geskilder kort nadat sy van haar ontroue man, die kunstenaar Diego Rivera, geskei is. As 'n kunstenaar van baie selfportrette, het sy haarself dikwels geklee in 'n Meksikaanse vrou se tradisionele drag en vloeiende hare uitgebeeld. Hier, in opstand teen Diego, skilder sy haarself met kort hare en in 'n manshemp, skoene en 'n oorgroot pak (vermoedelik haar gewese man s'n).

Kahlo het die avontuurlike Europese en Amerikaanse kuns geken, en haar eie werk is bewonder deur die Surrealiste wie se leier, André Breton, dit as 'n 'lint om 'n bom' beskryf het. Maar haar stilistiese inspirasie was meestal Meksikaans, veral 19de-eeuse godsdienstige skilderye, en sy sou sê: 'Ek weet nie of my skilderye Surrealisties is of nie, maar ek weet dat hulle die waarste uitdrukking van myself is.' Die varsgesnyde haarlokke in hierdie skildery is ook 'n aanduiding van haar gevoel van vervreemdheid van Rivera (met sy die volgende jaar weer getroud is), en dit het ook die droomkwaliteit van Surrealisme. In die werk het sy die lirieke van 'n Meksikaanse liedjie neergeskryf: 'Kyk, as ek jou liefgehad het, was dit as gevolg van jou hare. Nou dat jy sonder hare is, is ek nie meer lief vir jou nie.'

FIGUUR 9b: Kate Moss, Chanel parfuumadvertensie

Kate Moss verskyn in hierdie 2005 advertensieveldtog vir Chanel se Coc Mademoiselle. Die supermodel se kontrak met die Franse modehuis is in 2002 onderteken en het in 2004 geëindig. Die nuwe veldtog sou na verwagting 'n nuwe gesig gehad het.

Volgens *Hellomagazine.com* het die Chanel-base egter aangedring dat Kate die perfekte keuse was om hulle parfuum te verteenwoordig.

Die nuwe veldtog beeld die aantreklike 31-jarige uit met geen klere aan nie, maar met 'n string pèrels en 'n bolhoed. Die foto's is gepubliseer direk na die model se glansryke verjaardagvieringe waarvoor gaste helderkleurige pruie en 70's-styl kostuums aangetrek het.

FIGUUR 9c: Eric Fischl, *Die bed, die stoel, dansend, wagtend* 2000

In hierdie siklus van agt skilderye wat 'n verbeeldingsvlug soos in films uitbeeld, ondersoek Eric Fischl die strukturele en sielkundige verhoudinge van 'n veranderende groep mans en vroue met mekaar, met 'n paar huishoudelike meubels en met die spasie waarin hulle woon. Sonder uitsondering speel 'n asketiese, manlike choreografie af in hulle donker dieptes. Die skilderye is voyeuristiese vignettes wat met 'n gefragmenteerde narratief/storie met geen begin of einde nie aanmekeargeheg is.

Elk van hierdie onlangse groot skilderye bevat een of twee figure in verskeie stadiums van ontkleding, 'n onopgemaakte bed en, afhangend van die doek, een of albei van 'n paar stoele wat bymekaar pas. Elke titel begin met die woorde '*Die bed, die stoel ...*' gevolg deur 'n beskrywing van 'n uitgebeelde aktiwiteit, dikwels as 'n aanhoudende aksie. In *Die bed, die stoel, dansend, wagtend* gooi 'n 'ngesiene lig agter 'n venster in die kyker se spasie 'n skaduwee van 'n dansende figuur buite die gesigveld op 'n muur regs van die bed. In die voorgrond sit 'n naakte man gebuk op 'n stoel, sy aandag gevestig op die verskuilde figuur, maar met oë wat die kyker se oë ontmoet.

FIGUUR 9d: Zanele Muholi, *Martin Machepa*, 2006

Oor ongeveer die afgelope drie jaar het Zanele Muholi se foto's net soveel opgewondenheid veroorsaak as wat hulle gehore in Suid-Afrika en elders in die wêreld ontstel het. Dit lyk belangrik dat ons as Suid-Afrikanners, en ook almal in Afrika, onself moet vra of ons gereed is vir Muholi se stem en wat sy vir ons probeer sê. Kan ons dit waag om hierdie onbekende terrein te hoor, sien en dan te betree?

Muholi het bekend geword vir haar solo-uitstalling 'Only Half the Picture' wat in 2004 by die Johannesburgse Kunstgalerie gehou is. Die uitstalling het die einde van haar Gevorderde Fotografiëkursus by die 'Market Photo Workshop in Newtown, Johannesburg' gevier. Daarna het haar werk wat swart lesbiërs in intieme oomblikke uitbeeld, 'n onderwerp van beide private en publieke debat geword onder kunstgeskiedkundiges, feministe en geslagskundiges.

Muholi het gekies om nader aan haar ervarings te bly deur haar wêreld en 'mense' vas te vang. Die hegte band tussen Muholi en die mense wat sy uitbeeld, kan gesien word in die mense se gemak met die intimiteit van hul omgewings. Die foto's is besonder tergend, speels en konfronteer die kyker. Omdat fotografie 'n kuns bly wat deur mans gedomineer word, dien Muholi se beelde om 'n spasie vir swart vroulike figure terug te neem uit eeue se objektifikasie. Dit is 'n poging om te verseker dat dié wat nie stemme het nie, die (visuele) kultuur waarvan hulle histories weerhou is, te begin terugwen.

Muholi se werk beeld ook oomblikke uit van vroue wat 'in die oorlogsveld leef', soos die feministiese kundige Pumla Dineo Gqola gesê het in 'n verklaring in die *Mail and Guardian* (Mei 2004) getiteld 'Bleeding on the streets of South Africa'. Die huidige sigbaarheid van Muholi se werk gaan gepaard met groot politieke skuiwe en gebeure, soos die kontroversiële 'Same Sex Civil Union'-wet wat in Suid-Afrika geproklameer is, die eerste land in Afrika en die vyfde in die wêreld wat sulke huwelike toelaat.

[20]**VRAAG 10: KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA**

Beide plaaslike en internasionale argitekte streef tans daarna om esteties bevredigende, maar volhoubare geboue te skep. Van wolkekrabbers en korporatiewe geboue tot woonhuise, word die uitdaging om hierdie materiale met wysheid te gebruik, regoor die wêreld waargeneem.

Deur die aanhaling te gebruik wat as 'n beginpunt verskaf word, moet leerders 'n opstel (ten minste 2 bladsye) skryf waarin hulle enige TWEE voorbeelde van kontemporêre argitektuur wat hulle bestudeer het, bespreek. Hulle mag na die visuele bronne verwys wat gegee word, of hulle kan hul eie keuses doen.

Die volgende moet by die opstel ingesluit word:

- Naam van geboue en argitekte
- Funksie en terrein
- Styl en gebruik van materiale en bouetgnieke
- Geldige redes waarom die geboue hulle inspireer

Dinamiese Argitektuur: Dr. David Fisher

Die nuutste modrene argitektuurontwerp-konsep word Dinamiese Argitektuur genoem, en word deur dr. David Fisher ontwerp. Moderne wolkekrabbers sal aanhou beweeg om beter by die natuur en jou verbeelding te pas. Dinamiese Argitektuur behels drie groot innoverings: veranderende vorme, industriële produksie van eenhede en selfproduksie van skoon energie. Hierdie voorbeeld is net een van baie wat innoverende argitekture skep.

Dinamiese Argitektuur-geboue verander voortdurend hul vorm. Omdat elke verdieping apart roteer, verander die vorm van die gebou gedurig. Jy sal nie twee keer dieselfde gebou sien nie.

Dinamiese argitektuur is die begin van 'n nuwe era in argitektuur. Hierdie nuwe benadering, gebaseer op bewegingsdinamika, is eintlik 'n uitdaging van tradisionele argitektuur wat tot nou op swaartekrag gebaseer is.

Dinamiese Argitektuur-gebou sal die simbool van 'n nuwe filosofie wat wat ons stede en lewenswyse sal verander. Van nou af, sal geboue 'n nuwe, vierde dimensie hê: tyd. Geboue sal nie beperk word tot rigiese vorms nie. Konstruksie sal ook 'n nuwe benadering en aanpasbaarheid hê. Stede sal vinniger verander as wat ons ons ooit kon voorstel. [David Fisher, uit dynamicarchitecture.net]

Ek weet wat jy dink – 'n totale vermorsing, nie waar nie? Nie as Fisher daarin slaag om horisontale windturbines in elk van die toring se verdiepings te plaas nie – dit sal 48 turbines gee wat die gebou se rotasie sal dryf.

Saam met die horisontale turbines, sal die gebou ook toegerus word met fotovoltaïese panele op die dak – wat volgens Fisher elke jaar elektrisiteit ter waarde van ongeveer \$7 miljoen kan opwek. So, die gebou dryf nie net homself aan nie, dit kan ook krag aan die omliggende omgewing gee.

Beijing Nasionale Stadion

Dit was 'n gesamentlike projek deur argitekture Jaques Herzog en Pierre de Meuron van *Herzog & de Meuron*, projekargitek Stefan Marbach, kunstenaar Ai Weiwei, en CADG wat deur hoofargitek Li Xinggang gelei is. By hul eerste vergadering in 2003 te Basel, het die groep besluit om anders te doen as wat Herzog en De Meuron tradisioneel ontwerp het. 'China wou iets nuuts vir hierdie baie belangrike stadion gehad het', het Li in 'n verklaring gesê. In 'n poging om 'n stadion te ontwerp wat 'poreus' is terwyl dit ook 'n 'kollektiewe gebou en publieke plek' is, het die span Chinese keramiek bestudeer. Hierdie denkrigting het die span by die 'nesskema' uitgebring. Die stadion bestaan uit twee onafhanklike strukture wat 50 voet uitmekaar staan: 'n rooi beton pawlijoen, en die buitenste staalraam om dit.

In 'n poging om die staalstutte vir die verskuifbare dak weg te steek, wat in die tenderproses vereis is, het die span die 'willekeurige addisionele staal' ontwikkel om die stutte met die res van die stadion te laat saamsmelt. Vier-en-twintig kolomme omsluit die binneste gedeelte, elkeen 1 000 ton swaar. Ten spyte van die deurmekaar voorkoms, is elke helfte van die stadion amper identies. Nadat 'n dak by die *Charles de Gaulle Internasionale Lughawe* ingestort het, het Beijing alle groot projekte hersien. Daar is besluit om die verskuifbare dak, die oorspronklike idee van die 'nes'-ontwerp, asook 9 000 sitplekke uit die ontwerp te skrap.

Die verwydering van die elemente het gehelp om die projek onder die verminderde konstruksiebegroting van \$290 miljoen te bring, van 'n oorspronklike \$500 miljoen. Met die verwydering van die verskuifbare dak, is die gebou ligter gemaak, wat sou help om dit teen seismiese aktiwiteit te beskerm. Die boonste gedeelte van die dak is egter aangepas om toeskouers teen die weer te beskerm. As gevolg van die stadion se buitevoorkoms, is dit die 'Voëlne' gedoop. Die frase is eers deur Herzog & De Meuron gebruik, al glo die paar steeds dat 'daar baie maniere is om na 'n gebou te kyk'. Die gebruik is 'n kompliment, het Li verduidelik: "In China is voëlne baie duur, iets wat jy by spesiale geleenthede eet."

Die grond is op 24 Desember 2003 by die *Olympic Green* gebreek vir die Beijing Nasionale Stadion. Op die besigste tyd het 17 000 konstruksiewerke aan die stadion gewerk. In Januarie 2008 het *The Times* verslag gedoen dat 10 werkers deur die konstruksieproses gesterf het, ten spyte van 'n Chinese ontkenning.

In 'n opvolgartikel het *Reuters* met die ondersteuning van die Chinese regering egter 'n week later verslag gedoen dat slegs twee werkers gesterf het. Al 110 000 ton staal is in China vervaardig, wat die stadion die grootste staalkonstruksie in China maak. Op 14 Mei 2008 is die grasveld van 7 811 vierkante meter in 24 uur gelê. Beijing Nasionale Stadion is amptelik by 'n seremonie op 28 Junie 2008 geopen.

Ander kwessies om 'n gedagte te hou oor volhoubare argitektuur

- **Laekostebehuising/krotte:** Tradisionele en moderne bouetegnologieë word nou eerder as bakstene en messelklei gebruik. Argitekte gebruik nou geïsoleerde voorafgegiete beton, bakstene en staal en watergebaseerde harpuit. Suid-Afrika het 'n reuse probleem met mense wat in krotte (shacks) bly, wat uit enige iets van afvalhout tot ou sinkplaat opgerig word. Hulle verskaf nie voldoende behuising nie en gee min beskerming teen die weer. Die swak materiale en swak konstruksie skep 'n risiko vir brande. Baie laekostebehuisingprojekte was nie op standaard nie en is nie struktureel geskik vir menslike bewoning nie.
- **Gebruik van eko vriendelike boumateriale/komponente:** 'n Nuwe ontwikkelingstegniek of uitvinding is pedaal-aangedrewe toerusting en gietvormsisteme om betonblokke, dakboë, dakteëls en dakplate te maak. Ander alternatiewe metodes deur Suid-Afrikaanse en internasionale argitekte bestaan uit: strooibale, strooikleï [mengsel van klei en strooi], vasgestampte grond [grond, sand, gruis en stabiliseerders soos sement of kalk word saamgepers binne-in 'n raamwerk], papierbeton [industriële sterkte papier-maché gemaak van papier en karton], sand en Portland-sement. Nie slegs is dit goedkoop nie, maar is ook stewig en goed geïsoleer. Dakkonstruksie moet sterk en goedkoop wees, die kombinasie van hout en metaalvorms is ideaal. Gebruik van sinkdakke, betonvloere en baksteenmure is ideaal en goedkoop vir Suid-Afrikaners. Sonenergiesdakstelsels, sonenergie water verwarmers/pompe, sonbatterye is net 'n paar van die baie keuses om elektrisiteit te bewaar. Grond een van die goedkoopste boumateriale en materiale soos klip, hout, strooi en grond is nie-toksies.
- **Ligging:** Weertoestande en bekostigbaarheid beïnvloed die ligging van 'n huis.

- **Omgewingsimpak/kwessies:** Lugkwaliteit, afvalwater, grondwater kwaliteit en -kwantiteit, gevaarlike materiale, toestand/sensitiwiteit van ekosisteme, rare en bedreigde of waardevolle plantspesies en hulle habitats, geraas of vibrasies, soliede-afvalverwydering, hellingstabilliteit en erosie, migrerende spesies, oppervlakwaterkwaliteit en hoeveelheid het almal 'n impak op die omgewing.
- **Volhoubare argitektuur moet die volgende in ag neem:** Die omgewing, CO₂-gasse, energiegebruik, inheemse argitektuur en kulturele patrone. Windopwekkers kan direk gebruik word, soos in waterpompstelsels of gestoor in batterye vir huishoudelike gebruik.
- **Sosio-ekonomiese effekte:** Hervestiging/Versteuring van nedersettings, konflik met land/natuurlikehulpbron-gebruike, werksgeleenthede [werkverliese/werkskepping, gelykheid van indiensneming, ens.] dienste, gesondheid en sosio-ekonomiese toestande bv. kwaliteit van lewe/gesondheid en veiligheid/eiendomswaardes/uitsigte, kultuur/ godsdienste, ens.
- **Nuwe benaderings tot laekostebehuising:** Die gebruik van windopwekkers, sonkrag, hibriede sisteme wat sonpanele en/of fossielbrandstof-opwekkers kombineer.

[20]**TOTAAL: 100**